

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Waar lê ons/jou rykdom?”

Skriflesing: Markus 10:17-31 (1953)

¹⁷ EN toe Hy op die pad uitgaan, hardloop daar een na Hom toe en val voor Hom op die knieë en vra Hom: Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?

¹⁸ En Jesus sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een, naamlik God.

¹⁹ Jy ken die gebooië: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag niemand te kort doen nie; eer jou vader en jou moeder.

²⁰ Maar hy antwoord en sê vir Hom: Meester, al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af.

²¹ En Jesus het hom aangekyk en hom liefgekry en vir hom gesê: Een ding kom jy kort — gaan verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes, en jy sal ’n skat in die hemel hê; kom dan hier, neem die kruis op en volg My.

²² Maar hy het treurig geword oor dié woord en bedroef weggegaan, want hy het baie besittings gehad.

²³ Toe kyk Jesus rond en sê vir sy dissipels: Hoe beswaarlik sal hulle wat goed besit, in die koninkryk van God ingaan!

²⁴ En die dissipels was verbaas oor sy woorde; maar Jesus antwoord weer en sê vir hulle: Kinders, hoe swaar is dit vir die wat op hulle goed vertrou, om in die koninkryk van God in te gaan!

²⁵ Dit is makliker vir ’n kameel om deur die oog van ’n naald te gaan as vir ’n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan.

²⁶ En hulle was uitermate verslae en het vir mekaar gesê: Wie kan dan gered word?

²⁷ Maar Jesus het hulle aangekyk en geantwoord: By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie; want by God is alle dinge moontlik.

²⁸ Toe begin Petrus vir Hom te sê: Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg.

²⁹ En Jesus antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, daar is niemand wat huis of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van My en van die evangelie verlaat het nie,

³⁰ of hy ontvang nou in hierdie tyd honderd maal soveel: huise en broers en susters en moeders en kinders en grond, saam met vervolginge, en in die eeu wat kom, die ewige lewe.

³¹ Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en die wat laaste is, eerste.

Broodjies vir die pad

‘Breyton Paulse was my redding’

Christo Buchner

“Ek het geweet dit gaan ’n moeilike ding wees om te doen, maar ek het nie geweet dit gaan só moeilik wees nie.”

Dit was die woorde van Ashwin Willemse toe hy Maandagaand met die bekendstelling van sy boek, *Rugby changed my life: The Ashwin Willemse story*, die gehoor toegesprek het en die trane moes bedwing.

Die emosie het telkens soos ’n tsoenami in hom opgewel, veral as hy oor sy ouma gepraat het, en vertel het hoe moeilik dit vir haar was om hulle dikwels as kinders met leë mae skool toe te stuur.

“As ons dan smiddae uit die skool gekom het, sou sy ’n plan gemaak het en voor die stoof gestaan het, besig om ’n groot pot mieliepap te kook.

“Daar was ’n stadium in my lewe toe daar net twee dinge was wat met my kon gebeur het: die een was om in die tronk te eindig, die ander een om as jong man ses voet onder die grond te eindig in ’n kis.”

Dié voormalige Springbok-vleuel, wat deesdae ’n rugby-kommentator en -ontleder op SuperSport en kykNET is, het glad nie weggekram om te praat oor die wilde draaie wat sy lewe gemaak het nie.

“Ek was op ’n tyd ’n regte gangster. Ek was lid van die Young Americans-bende en ek was vasgevang in ’n lewe van dwelms, geweld en misdaad.

“Ek het selfs probeer selfmoord pleeg,” vertel dié 34-jarige Willemse, wat in ’n krothuisie agter in sy grootouers se erf in Caledon grootgeword het.

Hy het vir die eerste 20 jaar van sy lewe nooit sy pa geken nie en ses maande nadat hulle herenig is, is sy pa oorlede.

“Die lewe wat ek as tiener gelei het, was niks om op trots te wees nie,” vertel Willemse.

“Ek het wel rugby gespeel, maar daarna het ek my gansterklere aangetrek en het daardie donker kant van my lewe die oorhand gehad.”

Heel merkwaardig het ’n ontmoeting met Breyton Paulse, saam met wie hy later vir die Springbokke sou speel, ’n ommekeer in sy lewe bewerkstellig.

“Totdat ek Breyton daardie dag by ons hoërskool ontmoet het, het ek nog nooit enigiemand in my lewe ontmoet wat enige aansien gehad het nie. Die hele skool was in rep en roer toe Breyton daardie Maandagoggend opgedaag en ons toegesprek het.

“Al was daar ’n duisend kinders in die saal, was dit vir my asof dit net ek en Breyton daar was. Elke woord wat hy gesê het, was asof hy persoonlik net met my gepraat het.

“Ek was in vervoering,” vertel Willemse.

“Ná die tyd het die hoof my nog persoonlik aan Breyton voorgestel en vir hom vertel ek is vir Boland se Cravenweek-span gekies, maar dat ek dalk nie sal kan gaan nie, want daar is nie geld om my toerusting te koop nie.

“Breyton het belowe hy sal voor die einde van daardie week ’n plan maak. Ek het hom so gekyk en gedink dié joker lieg vir my. Ek het nie gedink daar gaan iets van kom nie.

“Ek het al van dit vergeet toe die hoof my die Vrydagoggend na sy kantoor roep. Wat het ek nou weer verkeerd gedoen, het ek gewonder.

“Toe ek daar instap lê daar hierdie toksak wat Breyton vir my gestuur het. Die trane het vrylik geloop toe ek die sak oopmaak en daar is alles in wat ek nodig het – van tokse tot ’n rugbytrui. So bly soos ek was, was ek ook eintlik kwaad vir Breyton Paulse. Ja kwaad, want skielik het hy die rede wat ek gehad het om ’n mislukking in die lewe te wees van my af weggevat.

“Ek was so daarop ingestel dat dinge net nooit vir my uitgewerk het in die lewe nie, maar nou het iets danksy Breyton gebeur dat ek nie meer daardie verskoning kon gebruik nie.

“Danksy rugby en die mense wat ek in rugby om my gehad het, soos Breyton Paulse, kon ek wegbreek uit die gangsterlewe waarin ek vasgevang was.

“Dis nie dat ek iets spesiaals in my lewe gedoen het nie, maar ek was net gelukkig dat ek die regte mense om my gehad het, iets wat baie van my maats nie gehad het nie. Daarom is dit nou ook vir my baie belangrik om met my motiveringspraatjies by skole ’n verskil in kinders se lewe te kan maak,” sê hy.

Heel ironies was Willemse Paulse se vleuelmaat toe dié boorling van die Koue-Bokkeveld sy 50ste toets gespeel het.

Willemse se verhaal is ’n baie spesiale een wat jou sal laat lag én huil, en soos hy self sê: “Hierdie is nie ’n boek oor rugby nie, maar oor die lewe.”

<http://www.netwerk24.com/sport/rugby/2015-10-03-breyton-paulse-was-my-redding>



A rich man is nothing but a poor man with money.

~ *W. C. Fields*

There is no fulfillment in things whatsoever. And I think one of the reasons that depression reigns supreme amongst the rich and famous is some of them thought that maybe those things would bring them happiness. But what, in fact, does it have to do with having a cause, having a passion. And that's really what gives life's true meaning.

~ *Ben Carson*

Be careful to leave your sons well instructed rather than rich, for the hopes of the instructed are better than the wealth of the ignorant.

~ *Epictetus*

There are two types of poor people, those who are poor together and those who are poor alone. The first are the true poor, the others are rich people out of luck.

~ *Jean-Paul Sartre*

I always was a rich person because money's not related to happiness.

~ *Paulo Coelho*

Brood vir die pad

Dink verder, wyer oor God en gode

Geagte Jahwe deur Willie Esterhuyse. Uitgewer: Naledi. Prys: R220. Resensent: Jean Oosthuizen.

Lesers wat Willie Esterhuyse se boeke ken, weet al: Soveel mense, soveel gode. In sy jongste boek, *Geagte Jahwe*, tree dié bekende Stellenbosse filosoof in gesprek met die Bybelse God Jahwe deur middel van 11 briewe wat hy direk aan hom rig.

Hiermee sluit hy ’n trilogie van boeke oor God af. Dit volg op die publikasies *God en die gode van Egipte* (2009) en *Die God van Genesis* (2010). Dit is die einde van ’n soort geestelike intellektuele reis met God en ’n terugbeskouing met hope vraagtekens in die teks.

Sy briewe aan Jahwe het hy in ’n tydperk van baie jare geskryf voordat hy dit in ’n boek gebundel het. Soms is dit baie persoonlik en ander kere met ’n tikkie wanhoop wanneer hy

skryf oor die stryd tussen Christene en Moslems asook die politiek.

Reeds in die 1970’s was Esterhuyse baie van sy tydgenote ver vooruit met die verskyning van sy boek *Afskeid van apartheid* in 1979. In sy jongste boek neem hy, soos in sy vorige twee boeke, afskeid van die tradisionele godsbeeld waaraan baie gelowiges nog vasklou.

Hy doen dit vlymskerp en met die grootste respek aan wat hy die “Onsienlike” of “Oneindige” noem. In sy briewe verkies hy God se Bybelse noemnaam Jahwe as aanspreekvorm. Daarmee dekonstrueer hy die vaste idees van gelowiges se tradisionele godsbegrip op ’n manier wat die leser ernstig laat nadink.

Wat Esterhuyse se skrywes lekker maak, is dat hy nie soos ’n bul in ’n porseleinwinkel instorm en mense se geloof vertrap nie. Hy gee erkenning aan die krag van geloof en hoe dit baie mense deur die eeue heen geïnspireer het. Mense hét troos nodig, sê hy. Ondanks alles bly die Bybel vir hom belangrik. Maar as ’n boek óór God en nie ván God nie.

Hoewel hy straks soms te veel tussen die lyne skryf, skram hy nie weg van die dogmatiese teenstrydighede wat ’n mens in die kerk teëkom nie. Met ’n goeie skoot humor herinner - Esterhuyse Jahwe in sy briewe telkens aan die vele dinge wat “die kroon van U skepping” aanrig.

Esterhuyse is geen slaaf van die wetenskap nie. Die evolusie van kennis is egter vir hom ’n groot bevryding. “Dit kan ek u darem sê,” skryf hy vir Jahwe: “Mense het deur die wetenskap en die tegnologie soveel bygelowe, onsinnighede, wanpraktyke en onregverdigheid oor U en die wêreld opgeruim.”

’n Kerk- en Christenmens in die geykte sin van die woord is Esterhuyse beslis nie. Hy sien homself eerder as ’n tussenin mens: tussen godsdienste en geloof, hoop en wanhoop, sekerheid en onsekerheid waarvan daar baie mense soos hy is. Hy dink lankal nie meer aan God soos wat hy in die Stellenbosse Teologiese Kweekskool wysgemaak is nie.

Net soos ná sy eerste boek van dié trilogie kan Esterhuyse hom gereed maak vir skerp kritiek vanuit fundamentalistiese geleedere. Hy het byvoorbeeld ’n reuseprobleem met die idee van ’n persoonlike skeppergod. Nie dat dit hom veel behoort te pla nie.

Vir fundamentalisme het hy min ooghere. Jahwe, God en Heilige Skrif is vir hom niks meer en niks anders nie as menslike metafore van die “Onsienlike” wat hy respekteer, maar sonder enige teologiese of dogmatiese toertjies beredeneer.

Vir Esterhuyse gaan dit oor die soeke na die sin van die lewe hier en nou. Geloof is vir hom ’n verbintenis wat veral met waardes, oortuigings en aardse toekomsverwagtings te make het teenoor godsdienste wat gegrond is op mensgemaakte gebruike, rituele, dogmas, geykte patrone, belydenisse en ’n aanvaarde reëlsisteem.

Die onverdraagsaamheid wat ’n mens so dikwels in die tradisionele godsdienste vind, gaan nie ongemerk by die skrywer verby nie. “Dis erg, nè?” merk hy teenoor Jahwe op – dat die droom van verdraagsaamheid dikwels in ’n groter mate deur niegodsdienstige organisasies eerder buite-kerklik moet geskied as deur kerke en geloofsgemeenskappe.

Sy ervarings op die onstuimige klein eilandjie Malta het hom ’n renons gegee in dogmatiek, apologetiek en selfs in ’n mate hermeneutiek. Hy voel eerder aangetrokke tot die etiek en om die daad by die woord van omgee en sorgsaamheid te voeg.

■ Jean Oosthuizen is ’n vryskutjoernalis.

<http://www.netwerk24.com/vermaak/boeke/2015-09-20-dink-verder-wyer-oor-god-en-gode>

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877